



# PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.  
31 Januarie 2021

## Nagmaal

*Here God  
Voor ons op die tafel is brood en wyn;  
'n klein stukkie brood vir elkeen, en skaars 'n slukkie wyn.  
En tog is dit soveel meer –  
dit is Uself wat U hier voor ons kom breek en uitgiet.  
Want dit is nie net brood en wyn nie,  
dit is u liggaam, u bloed, geoffer vir ons.  
Dankie, Here, vir u offer.  
Dankie dat U ons só liefhet.  
Ons voel onwaardig dat U die hoogste prys betaal het vir ons,  
want ons is sondaars wat niks by U verdien nie.  
Ons prys U oor u groot liefde en genade vir ons.  
Seën ons dan nou wanneer ons die brood eet en die wyn drink.*



Skrifgedeelte: 1 Kor 13:4-8a

Tema: Liefdesimfonie

Ons speel almal in God se simfonie; ons moet mooi musiek maak met ons lewens, en ons moet dit saam met ander doen. Paulus gee vir ons die bladmusiek hiervoor in 1 Korintiërs 13.

## Program vir die week

### Vandag:

- **Aanlyn-Nagmaalsdiens** olv ds Jaco Thom. Kry dit op ons webwerf of toep.
- **Deuroffer:** Kategese-bydrae

### Volgende Sondag:

- **Aanlyn-erediens** olv ds Jaco Thom. Kry dit op ons webwerf of toep.
- **Deuroffer:** Engo Kinder- & Jeugsentrums

### Bybellees-program

- Ons het Dinsdag met **die boek Spreuke** begin en lees vandag Spr 6. Op die WhatsApp-groep Petrusburg kan jy elke dag 'n kort oordenking oor die hoofstuk kry, of op ons toep. Om by die Whats-App-groep aan te sluit, kontak Jaco Thom of klik [hier](#).

## Allerlei

### Ons eie gemeente-toep (app)

Jy kan nou NG Kerk Petrusburg se toep vir jou slimfoon aflaai by die Playstore of die App Store. Soek **NG Kerk Petrusburg**, laai af, installeer en registreer, en siedaar! Dis heeltemal gratis. Jy kan die hoofstuk van die dag, die erediensvideo's en nog meer daar kry. Ook kennisgewings.



## Lief & Leed

### Verjaarsdae

Baie geluk aan almal wat verjaar! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

#### Februarie

- |                                     |                  |
|-------------------------------------|------------------|
| 1 Colene Grevelink; Susan Pretorius | 4 Desiree Fourie |
| 2 Pieter Swanepoel                  | 5 Marius Stander |
| 3 Strauss Steenkamp                 | 6 Roleen Kotzee  |



### Huweliksherdenking

#### Februarie

- 1 Jan & Ronnie Kruger (57j)
- 2 Mauritz & Machteld Kotzé (47j)
- 5 Jakkie & Madette Lombaard (16j)

### Siektes en treurendes

- Tannie **Ansie van Niekerk** se seun Lourens is ná 'n kort siekbed oorlede.
- **Danie Jacobs** gaan môre 'n knieervanging kry.
- **Anita Wagner** vorder goed ná 'n heupervanging.
- **Marius Stander** vorder goed, maar daar lê nog 'n lang pad vir hom voor.
- **Tikkie Nieuwoudt** herstel ook baie mooi en is amper gesond.



<u>Leraar:</u>	<b>Jaco Thom</b>	084 523 1157	<a href="mailto:jaco@ngkerkpetrusburg.co.za">jaco@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
<u>Kantoor:</u>	<b>Madette Lombaard</b>	053 574 0279	<a href="mailto:ngkpetrusburg@gmail.com">ngkpetrusburg@gmail.com</a>
<u>Orrelis:</u>	<b>Elmien Thom</b>	084 562 3434	<a href="mailto:elmien@ngkerkpetrusburg.co.za">elmien@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
<u>Koster:</u>	<b>Annamarie Dercksen</b>	072 499 4262	<a href="mailto:annamarie.dercksen@yahoo.com">annamarie.dercksen@yahoo.com</a>
<u>Webwerf</u>	<a href="http://www.ngkerkpetrusburg.co.za">www.ngkerkpetrusburg.co.za</a>		facebook <a href="https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg">NG Kerk Petrusburg</a>
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		